Kos se ‘storie’ word belangrik

Deesdae wil verbruikers nie net hê kos moet hul smaakkliere kielie nie. Dit moet ook hul hartsnare roer én hul gewete paai.

Ikoniese Suid-Afrikaanse kosprodukte soos Karoo-lam is ’n belangrike deel van die kos-kultusbeweging wat tans verbruikers, voedselprodusente en bemarkers se belangstelling prikkel.

Prof. Johann Kirsten, ’n landbou-ekonoom aan die Universiteit van Pretoria en die Karoo-ontwikkelingstigting (KDF), wat die dryfveer agter die sertifisering van Karoo-lam was, sê dié neigings is veral deesdae in kosbemarking en -verbruik van belang:

- Verbruikers dring toenemend aan op deursigtigheid. Hulle wil weet hoe hul kos gemaak is en wat die bestanddele daarin is.
- Maatskaplike en omgewingsvolhoubaarheid raak vir verbruikers ál belangriker. Verbruikers dring aan op gesertifiseerde organiese, vrylopende en vryhandelsprodukte.
- ’n Vervelige bord kos is nie meer voldoende vir verbruikers wat opwindende, uiteenlopende en meer gesofistikeerde eetervarings wil hê nie.
- Daar is ál meer *foodies* wat eksklusiewe eetervarings najaag. Hulle soek vars produkte met ’n eiesoortige streekkarakter.
- Die verpakking en etikettering van produkte het ’n belangrike rol begin speel in die posisionering van produkte, en raak toenemend gespesialiseerd.
- Verbruikers het deesdae ’n plaas-fassinasie. Hulle besoek plaasmarkte en soek op kosetikette vir beskrywings soos “farm raised”.



Die unieke identiteit van die plek waar ’n produk soos Karoo-lam vandaan kom, is deur die geskiedenis, erfenis en kultuur gevestig. Foto: THINKSTOCK

Unieke storie, unieke smaak

Maar waarom die groot belangstelling in die oorsprong van kosprodukte?

Die unieke identiteit van die plek waar ’n produk soos Karoo-lam vandaan kom, is deur die geskiedenis, erfenis en kultuur gevestig, verduidelik Kirsten.

Die “storie” van ’n kosproduk word dikwels gekoppel aan die produksiemetode, maar meer gereeld aan die oorsprong daarvan.

’n Streek se terroir – dit is die somtotaal van die streek se unieke geografie, geologie, klimaat, kultuur en geskiedenis – verleen sekere unieke sensoriese eienskappe aan produkte van daardie streek.

Maar wat van kos uit ikoniese plekke soos die Kalahari, die Bosveld en die Karoo?

Verbruikers kan byvoorbeeld maklik om die bos gelei word deur produsente of restaurante wat hul produkte valslik as Karoo-lam bemark.

Met die sertifiseringsmerk vir ware Karoo-lam poog die KDF om Karoo-boere te beskerm én die verbruiker te bemagtig.

Wanneer jy dus lamsvleis koop en dit dra die “Karoo Meat of Origin”-sertifiseringsmerk, kan jy met ’n geruste hart daaraan weglê.

- **Inligting oor die KDF by: karoomeatoforigin.com.**

Wees op die uitkyk vir dié merk om seker te wees dat jy régte Karoo-vleis koop.

Lam van die lekker-kompetisie

Vyf lesers kan ’n heel, organies gesertifiseerde Karoo-lam wen in dié kompetisie wat deur *Beeld Leefstyl* en Karoo Meat of Origin in samewerking met kykNET aangebied word.

Elke lam is sowat R1 200 werd en sal by die wenners afgelewer word.

Kies jou snit: Spertye vir resepte

- Boudresepte: Vandag om 17:00
- Skenkelresepte: 12 Junie om 17:00
- Stowevleis: 19 Junie om 17:00

Hoe om in te skryf

- Resepte moet op een A4-bladsy pas (verkieslik getik).
- Die naam, van en volledige kontakbesonderhede van die deelnemer moet saam met die resep ingestuur word.
- Skryf ’n kort paragraaf (nie meer as 150 woorde nie) waarin jy ons die “storie” agter die resep vertel.
- Inskrywings kan per e-pos of per faks gestuur word. Stuur jou e-pos na leefstyl@beeld.com met “Lam-kompetisie” in die onderwerpveld of faks dit na 011 713 9708.
- Lesers wat per faks inskryf, moet Riëtte Grobler telefonies laat weet by 011 713 9333.

Reëls

- Deelnemers mag resepte in al vyf afdelings inskryf, maar sal slegs in een afdeling kan wen.
- Dui bo-aan jou resep duidelik aan vir watter afdeling jy inskryf (tjop, blad, boud, skenkel of stowevleis).
- Deelnemers mag nie resepte inskryf wat net so in ’n kookboek gepubliseer is nie.
- Indien die inspirasie vir die resep oorspronklik uit ’n kookboek kom, moet dit duidelik aangedui word.
- Al die afdelings sal ná die sperdatum van die finale afdeling beoordeel word.
- Die wenners sal op 3 Julie in *Leefstyl* bekend gemaak word en die wenresepte sal gepubliseer word.
- Die wenners moet beskikbaar wees vir ’n foto en ’n kort onderhoud.
- Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

TV

Hou dop: Vier vroue se vriendskap word beproef wanneer die gaping tussen hul geldelike omstandighede ál hoe groter raak in *Friends with Money*. Die drie wat geld het, deel hul kommer oor Olivia **(vertolk deur Jennifer Aniston)**, wat sukkel om ’n werk te behou en ’n verhouding te laat werk. **(e.tv, 22:55)**

Donderdag 5 Junie

SABC2

06:00 Morning Live
09:00 Inside the Baobab Tree
09:30 Tree Fu Tom
10:00 Takalani Sesame
10:30 Rivoningo
11:00 Rands and Sense
11:30 Marion Island
12:00 Dr. Phil (OL)
13:00 Days of Our Lives (OL13) (H)
14:00 The Bold and the Beautiful (OL) (H)
14:30 7de Laan (H)
15:00 Saath Saath (OL)
15:30 Muvhango (H)
16:00 Hectic Nine-9
17:00 Slugterra
17:30 Nuus
18:00 Leihlo La Sechaba
18:27 7de Laan
19:00 Nuus
19:30 I Want to Sing Gospel
20:30 Nuus
21:00 Muvhango
21:30 Speak Out (OL)
22:00 Snapped (13)
23:00 Open University

* Alle inligting oor uitsaaitye, programtitels en -inhoud was teen druktyd korrek. Die inligting word van die skakelafdelings en publisiteitspanne verkry en word in goeie trou gepubliseer.
****A** almal; **G** geweld; **H** herhaling; **OL** ouerleiding; **S** seks en **T** gekruide taal; **N** naaktheid.
*****TV-skedulenavrae:**
e.tv: 083 1222; SABC: 011 714 9797; M-Net: 011 289 2222.

SABC3

06:00 Expresso
08:30 Barney and Friends
09:00 Takalani Sesame
09:30 Doctor’s Orders (OL) (H)
10:30 Generations (H)
11:00 Isidingo (OL) (H)
11:30 7de Laan (H)
12:00 Magnum P.I. (OL)
13:00 Nuus
13:27 Afrika-nuus
14:00 The Jeff Probst Show (OL)
15:00 America’s Next Top Model IX (13) (H)
16:00 3Talk
17:00 Days of Our Lives (OL13)
18:00 The Bold and the Beautiful (OL)
18:30 Nuus
19:30 Isidingo (OL)
20:00 Hard Copy III (13) Reeks begin.
20:30 Top Billing
21:30 Happily Divorced II (13) Elliot is steeds weg vir sake en Fran raak gefrustreerd toe haar nuwe buurman, Neil, aanhoudend lawaaierige partytjies hou.
22:00 Desperate Housewives V (13) (H)
23:00 The Big Bang Theory II (13) (H)
23:30 Top Billing (H)
00:30 Afrika-nuus (H)
01:00 The Jeff Probst Show (OL) (H)
02:00 3Talk (H)

e.tv

06:00 Sunrise
09:00 Rhythm City (OL13) (H)
09:30 Scandal! (OL13) (H)
10:00 Eksê: Let’s Talk with Masechaba Lekalake (OL13)
10:30 The Young and the Restless (OL13) (H)
11:30 Checkpoint (H)
12:00 Elliot Ndluvu: African Healer for Today’s People (H)
12:30 Backstage (OL13) (H)
13:00 Nuus
13:30 WWE Raw (OL10G) (H)
14:30 Craz-e
16:40 The Young and the Restless (OL13)
17:30 Eye for an Eye (OL10)
18:00 Nuus
18:30 Rhythm City (OL13)
19:00 Nuus
19:30 Scandal! (OL13)
20:00 Late Nite News with Loyiso Gola (16T)
20:30 Road to Perdition (16GT) ★ ★ ★ ★ Drama. Met Tom Hanks en Jude Law. (2002)
22:55 Friends with Money (16ST) ★ ★ ★ Drama. Met Frances McDormand en Jennifer Aniston. (2006) Sien Hou dop.
00:45 Eksê: Let’s Talk with Masechaba Lekalake (OL13) (H)

M-Net

Satelliet (DStv)
07:00 Two Broke Girls III (13ST) (H)
07:30 About a Boy (13)
08:00 Two and a Half Men XI (13ST) (H)
08:30 The Talk (H)
09:30 Footloose (OL13GT) ★ ★ ★ Drama, komedie. Met Kenny Wormald en Julianne Hough. (2011)
11:30 Friends with Better Lives (OL) (H)
12:00 MasterChef Professionals Australia (H)
13:00 The Talk
14:00 Agents of S.H.I.E.L.D. (13) (H)
15:00 Elementary II (16)
16:00 24: Live Another Day (13) (H)
17:00 Hawaii Five-0 IV (13) (H)
18:00 Mike and Molly IV (13ST)
18:30 MasterChef Professionals Australia
19:30 24: Live Another Day (13)
20:30 Hawaii Five-0 IV (13)
21:30 Fargo (16SGNT)
22:30 The Blacklist (16GT)
23:30 CSI XIV (16ST) (H)

Analoog
07:30 Satelliet-skedule, 17:30 Binnelanders, 18:00 Satelliet-skedule

kykNET

05:20 Die Woord
05:30 Dagbreek
07:30 Die Woord
07:40 Koowee-kinderuur
08:30 Binnelanders (H)
09:00 Villa Rosa (H)
09:30 Vallei van sluiers III (13) (H)
10:30 Woef en Kie. (H)
11:00 Wie lê waar (H)
11:30 Thomas@ (H)
12:00 Inkopie-uur
13:00 Sakefokus
14:00 Groen reis (H)
14:30 Kwêla (H)
15:30 Robinson regstreeks
16:00 Sewe sakke sout
16:30 Boerekos (H)
17:00 Koowee-kinderuur
17:30 Geure uit die vallei
18:00 Villa Rosa
18:30 Binnelanders
Sonja se tuiskoms is als behalwe ’n hartlike geleentheid en Pippa het goeie raad vir Margot oor Daleen
19:00 Nuus
19:30 Bravo!
20:00 Kokkedoor
’n Afval-aand herdenk die weggooivleis se herwaardering in fynkook-kringe. Tong en rolpens kry die restaurant-behandeling in ’n marathon-kookuitdaging.
21:00 Sterlopers (H)
21:30 Proesstraat (H)
22:00 Vir beter of baie beter (H)
22:30 Villa Rosa (H)
23:00 Binnelanders (H)

Stoffel

Groeipyne

Zitts



Hägar

Breinknoop

1. Vir watter IPL-span speel Wayne Parnell?
2. Watter land lê net wes van Egipte?
3. Wie het treffers gehad met “You Can Leave Your Hat On” en “Unchain My Heart”?
4. Wie het in die *Shrek*-flieks Fiona se stem verskaf?
5. Wat is *Rapport* se redakteur se naam?

Antwoorde:
1. Delhi Daredevils; 2. Libië; 3. Joe Cocker; 4. Cameron Diaz; 5. Waldimar Pelser.

Vandag wat was

Die sanger Brian McKnight is 45. Die akteur Mark Wahlberg is 43.

322 jaar gelede (1692): Drie skepe strand by die monding van die Soutrivier in die Kaap en Jochem Willemse swem met ’n tou om sy lyf na die Hoogergeest om die meeste van die bemanning te red.

262 jaar gelede (1752): Die ekspedisie van August F. Beutler wat die Kasteel op 29 Februarie verlaat het om die binneland te verken, kom by die Keiskamma naby Lyndrift aan.

96 jaar gelede (1918): Die Afrikaner-Broederbond word deur ’n groep jong Afrikaners in Johannesburg gestig.

Crossword 11 867



Across:
3. Iraqi currency (5)
8. Easily frightened (5)
10. Purchaser (5)
11. Illuminated (3)
12. Faithful (5)
13. Six-sided figure (7)
15. Prison rooms (5)
18. Greyhound, for example (3)
19. Serving dish (6)
21. Monotonous (7)
22. Egg-shaped (4)
23. DNA unit (4)
24. Of the sides (7)
26. Tooth covering (6)
29. Flipper (3)
31. Bible prophet (5)
32. Blunt weapons (7)
34. Of tides (5)
35. Roll of banknotes (3)
36. Egypt’s capital (5)
37. Seraglio (5)
38. Beginning (5)

Down:
1. Heaps (5)
2. Fortified building (7)
4. Golf club (4)
5. Counting frame (6)
6. Measuring stick (5)
7. Beautiful girl (5)
9. Mingle, blend (3)
12. According to reason (7)
14. Deity (3)
16. Horizontal (5)
17. Scornful expression (5)
19. Melodious (7)
20. Tribal badge (5)
21. Spanish snacks (5)
23. Clear a path! (7)
24. Injury, wound (6)
25. To free (3)
27. Wanderer (5)
28. French underground (5)
30. Senior, older (5)
32. Gateau (4)
33. Hearing organ (3)

Solution of 11 866
Across: 3. Water; 9. United; 10. Weapon; 11. Dozen; 12. Iran; 15. Reduce; 17. Colonel; 19. Tax; 20. Sates; 22. Halts; 24. Strip; 25. Haste; 27. Dew; 29. Scandal; 32. Isobar; 34. Dole; 35. Nudes; 37. Tennis; 38. Misers; 39. Cedar.
Down: 1. Music; 2. Final; 3. Wed; 4. Adores; 5. Ewer; 6. Reneges; 7. Spout; 8. Index; 13. Rotates; 14. North; 16. Capital; 18. Lasts; 21. Stand; 23. Satanic; 26. Eczema; 27. Ditto; 28. Wound; 30. Dozes; 31. Leash; 33. Ruse; 36. Sir.

Blokraai 12 640



Dwars:
1. Hy slenter vir kwaadgeld in die strate rond
4. ’n Kuise mens sal dit nie pleeg nie
7. Ordelike stoet
8. Oog van garing om ’n hakie in vas te maak
9. Snaar wat van binnegoed gemaak word
10. Dronk
12. Agterkom dat iets ontbreek
15. Jou gewip en met ’n aanval begin?
17. Wat ’n aanhitser met mense doen
18. Iets neersit van die boer?
19. As jy dit maak, is daar moeilikheid
20. Kaapstad, Durban en Port Elizabeth het dit

Af:
1. Manier om ’n kolwer uit te haal
2. Beenontsteking
3. Geweldig groot
4. Verlos van
5. Openbare voertuie van vroeër
6. Skuim van die samelewing
10. ’n Vesting aanval met soldate
11. Noukeurig
13. Soort rooi wyn
14. Vernaamlik
15. In jou spoor trap as jy na ’n kind moet kyk?
16. Die bedrag geld wat betaal moet word

Oplossing van 12 639
Dwars: 7. Uruguay; 8. Tombe; 9. Roepstem; 10. Salf; 15. Kennis; 16. Mosaïek; 19. Bekrompe; 22. Behou; 23. Gek; 24. Vloeistof.
Af: 1. Buro’s; 2. Pupil; 3. Duur; 4. Vysel; 5. Omreken; 6. Les; 8. Testeer; 11. Bose; 12. Bie; 13. Oordeel; 14. Faktore; 17. Kees; 18. Smag; 20. Roof; 21. Elke.